

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

Ds. PJ Kriel

Begrafnis Louis en Ina Cloete

28.04.2022

Inhoud Hierdie preek wys dat in die gewelddadigheid van 'n plaasmoord is ons God se drankoffer en nooit die skuld- en slagoffer wat geweldenare glo hulle ons maak en ons liggame voor uitstal nie. Daarom gee ons ons in ons doodsoomblik oor aan die Here en nie aan die mag van ons moordenaars nie. Dit doen ons as oorwinnaars terwyl hulle wat ons moor verslaan is in die triomftog van Christus.

Skriflesing 2 Timoteus 2: 8 – 13, 3: 1 – 4, 12, 13, 4: 5 – 8, 17, 18.

Teks 2 Timoteus 4: 6 “Wat my betref word ek alreeds as drankoffer uitgegiet”

Tema God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

1. Geagte familie en vriende, ons as kerk leef uit die geloof in die Here wat Sondag vir Sondag aan ons bedien word deur die evangelie in die briewe van Paulus. 'n Christelike kerk sonder die briewe van Paulus, is onmoontlik. Deur die evangelie bediening van en deur hierdie briewe vind ons ons redding deur die Here, vertrou ons die Here vir sy genade, vrede en barmhartigheid as God met ons en kan ons binne 'n nuwe geloofsgehoorsaamheid aan God leef waarin ons vir God altyd reg en goed is.

God seën ons elke dag deur die evangelie-bediening in en deur hierdie briewe van Paulus. En soos met elke profeet, apostel en evangelis in die Bybel, raak die persoon en lewe van Paulus só op die agtergrond van sy dienswerk, dat ons dit eintlik glad nie raaksien nie. Wat ons raaksien is die inhoud van die evangelie in sy briewe waardeur ons geseënd as kinders van God leef.

Maar met die tweede brief aan Timoteus is dit nodig om Paulus se persoonlike situasie en aandoeninge te ken om die diepte en krag van sy getuienis oor Christus in hierdie brief te kan sien.

Paulus skryf hierdie brief aan sy jong medewerker Timoteus met die besef dat hy binnekort gewelddadig gaan sterf. Hy is onskuldig ter dood veroordeel deur die korrupsie van keiser Nero en die straf is dat hy met 'n swaard onthoof moet word.

Met die wete van hierdie gewelddadige dood wat hom gaan tref, skryf hy oor hoe hy weet hoe hy gaan sterf en wat sy dood gaan beteken – omdat Hy verenig is met Jesus Christus. In sy getuienis kan ons vanoggend ontdek hoe ons as gelowiges sterf in die gewelddadigheid van goddeloses. Hy beskryf sy verwagte gewelddadige dood as: ““Wat my betref word ek alreeds as drankoffer uitgegiet”

2. Paulus maak hierdie kragtige belydenis oor sy gewelddadige dood: Hy is God se drankoffer. Hy is nie die Romeinse heerser se slagoffer nie en nie die geestelikes van hierdie wêreld se skuldoffer nie. Hy is God se drankoffer.

Met die woorde “alreeds” beskryf Paulus die voorbereidings wat aan die gang is deur die soldate om hom dood te maak.

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

Paulus se geloofsbelydenis oor sy gewelddadige dood is geanker in die aankondiging van sy vereniging met Jesus Christus in 2: 11: “As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef.” Hierdie is ’n kernagtige samevatting van ons vereniging met Jesus Christus.

“Saam met Hom” is saam met Jesus Christus wat as mens uit die nageslag van Dawid uit die dood uit opgewek is volgens 2: 8. Saam met Hom beteken om ingesluit te wees en deel te wees van Jesus Christus wat vandag ’n lewende mens in die hemel is.

Daarmee verklaar Paulus dat hierdie gewelddadige dood waarop hy wag, is nie die eerste keer wat Hy sterf nie. Die eerste keer wat hy gesterf het, was toe Jesus Christus Hom in Christus se eie dood ingelyf het – en dit het gebeur toe Paulus tot geloof gekom het.

“Saam met Christus gesterf”, beteken dat die Here ons insluit in Christus se dood wat die veroordeling, die vervloeking, die boete en verwerping was van ons sonde in die tipe dood wat Christus vir ons gesterf het. Christus se dood was ’n dood binne die toorn, woede, afkeur en haat van God vir sondaars.

Omdat Paulus by Christus se dood ingesluit is, weet hy dat sy eie dood wat nou voorhande is, nooit iets kan wees waarin God Hom straf, veroordeel of verwerp vir sy sondes nie. Hy kan nooit God se slagoffer of skuldoffer wees nie, want dit is die wyse waarop Jesus Christus gesterf het – as slagoffer en skuldoffer vir Paulus se sonde.

3. Daarom bely Paulus sy eie dood as God se drankoffer, nie God se slag- of skuldoffer nie.

Met die woord drankoffer beskryf Paulus nie net sy dood nie, maar in besonder sy lewe saam met Christus soos Hy gestel het: “As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom leef.” Ons lewe in ons vereniging en eenheid met Jesus Christus as mens in die hemel, is ’n lewe soos Paulus dit in 1: 10 beskryf as ’n lewe waarin die dood vernietig is en ons ’n onverganklike lewe saam met Christus leef.

Christus maak ons “saam leef” met Hom onverganklik. Ons leef as mens ewig saam met Hom, nou, na ons dood maar veral omdat Hy as mens ook uit die dood sal laat opstaan om vir altyd mens met Christus te wees, na liggaam, siel en gees.

Daarom verklaar Paulus dat as ons aanhou volhard met ons lewe saam met Christus, ons saam met Hom sal regeer – ons sal deel wees van die lewe wat Christus vandag as mens leef, vir ewig.

Dit is in hierdie sekerheid dat sy lewe met Christus nie deur die dood vernietig kan word nie, nie deur die dood beëindig kan word nie, dat Paulus weet dat God sy dood ’n drankoffer maak – ’n offer waarin die lewe met God gevier word.

Paulus sluit hiermee direk aan by sy uitspraak in Romeine 12: 1 “Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik." Ons gee ons liggame in diens van God omdat God ons vir sy liefde heilig en lewend maak.

4. Mense maak ons nie hulle slagoffers of skuldoffers nie. Ons wei ons liggame aan God as lewend en heilige offers aan God!

Daarom kom Paulus in 4: 17,18 en verklaar: "ek is uit die bek van die leeu gered. Die Here sal my van elke bese daad red, en Hy sal my verlos, met die oog op sy hemelse koninkryk."

Die uitsonderlike is dat Paulus weet dat hulle besig is om sy dood te finaliseer en in hierdie oomblik stel hy dat hy uit die bek van die leeu gered is en dat die Here hom van elke bese daad sal red. Dit beteken glad nie dat hy nog tot die einde hoop dat hy nie doodgemaak gaan word nie. Dit beteken dat omdat die Here sy dood 'n drankoffer vir God maak, waarin die lewe met God gevier word, is die mag van sy geweldenare gebreek.

Hulle kan hom nie meer verskeur soos hulle wou en hulle kan nie met sy gewelddadige dood die boosheid wat hulle vir hom wil, deurvoer en bereik nie.

Paulus praat nie hier sommer net oor houdings of gesindhede nie. Die bek van die leeu en bese daad van goddeloses is die werklikheid van die geweld wat keiser Nero besig is om deur te voer op die oomblik van hierdie brief, nie net teen Paulus nie maar teen die hele Christelike Kerk.

Wat is hierdie bese daad?

Dit gaan oor die goddelose keiser Nero wie homself as god sien en glo. Hy wou met groot en pronkerige nuwe boukonstruksies sy mag en glorie uitstal. Daar was nie genoeg spasie vir hierdie ondernemings nie. toe stig hy 'n brand wat buite beheer geraak het en meer as die helfte van Rome in puin gelê het. Die woede van die massa het hy verdraai en die Christene die skuld vir die brand gegee en toe hulle in die Roomse Arena deur wilde leeu's en wilde diere laat verskeur of deur soldate laat vermink. Christene is in velle toedraai, met pik gesmeer en in die aande aan die brand gestee om kamstig straatlampe te wees.

5. Sy bese daad is om onskuldige Christene die slagoffers en skuldoffers te maak van sy brand, en hulle verskeuring, verminking en verbranding as vermaaklikheid vir die stad aan te bied.

Vermaaklik omdat hulle voel hulle wreek hulle skade, wat hul eie keiser veroorsaak het, op hierdie weerlose en hulpelose mense! Christene word die slagoffer en skuldoffers gemaak vir die magskomplote, die verraderlikheid en boosheid van die magselite!

Teenoor hierdie brute magsuitoefening wat Paulus se eie onthoofding beteken moet u Paulus verklaring weer hoor: "ek is uit die bek van die leeu gered. Die Here sal my van elke bese daad red." (4: 17,18)

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

Hoe so? Want sy eenheid net Jesus Christus as mens bepaal wie hy is en wat sy lewe beteken, en hierdie eenheid is onaantasbaar. Hy is vir God vir God se liefde heilig en regverdig, en sy lewe en dood is diensbaarheid aan God. Meer nog, sy lewe met Christus is ewig, nie sommer net as 'n gees nie, maar as mens wat self net soos Jesus lewend mens geword het na sy dood, só mens met Christus te wees vir ewig in God se skepping.

Hy sal nooit hulle slagoffer wees nie. Christus was sy slagoffer en hy behoort aan die Here! Hulle kon nie met hulle geweld en onreg Paulus die speelbal van hulle mag oor wie bou waar, wie kry watter grond maak nie.

Hy sal nooit hulle skuldoffer wees nie. Christus was Paulus en ons skuldoffer. Daarom gee Paulus homself nie oor aan die gewaande skuld dat hy vir die afbrand van Rome verantwoordelik sou wees en sy verdiende loon sou ontvang nie.

6. Paulus gee homself nie oor aan die boosheid of geweld van sy moordenaars in ampsposisies nie, maar aan die Here met wie Hy verenig is. In en deur hulle geweld en bose magspeletjies – bly wat met hom gebeur 'n drankoffer aan die Here by wie hy ingesluit is.

Daarom verklaar binne hierdie gewelddadige dood – “nou wag vir my die oorwinningskrans van geregtigheid op my, wat die Here die regverdige Regter, op daardie dag vir my sal gee – en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat sy koms liefhet.” (4: 8)

Die oorwinningskrans wat 'n kroon van lourierblare wat 'n slaaf bokant die keiser se kop gehou het terwyl hy na sy gewelddadige oorloë deur die strate van Rome sy mag op 'n strydwa vertoon het.

Wie dra die oorwinningskrans? Met hierdie sin ontsê Paulus alle oorwinning aan sy geweldenare! Hulle het niks gewen en niks reg gekry met Paulus nie. Want die oorwinningskrans is nie die mag van geweldenare nie, maar die Here wat ons as gelowiges uit die dood laat opstaan om vir ewig vir sy liefde reg en heilig te wees.

Daarom kan Paulus ook in Filippense 1: 21 verklaar: “Want vir my om te leef is Christus, en om te sterf wins.” 'n Brief wat Paulus ook uit die tronk geskryf het in afwagting op sy doodsvonnis.

7. Is Louis en Ina die slagoffers van die magtiges, die geweldenare van hierdie wêreld?

Dit was wat hulle moordenaars beplan en probeer bewerk het met hulle dood en verminging. Hulle wou Louis en Ina die slagoffers van hulle mag maak. Dit is die moorddrif wat in baie van ons land leef – hulle vier hierdie moord as nog slagoffers vir hulle gierigheid, hebsug en grypsug.

Is Louis en Ina die skuldoffer van die geestelike, spirituele leiers van hierdie wêreld?

Dit is hoe plaasmoorde van die begin af gesien is: mense met slegte verhoudings met arbeiders word vermoor, mense met goeie verhoudings met arbeiders word nie

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

vermoor nie; mense wat ander sleg behandel het en verontreg het word vermoor, mense wat niemand kwaad aandoen nie, word nie vermoor nie; boere word vermoor omdat hulle onwettig hul plase besit en nou net die skuld van apartheid moet betaal.

Dit is ook die verwronge beeld van hulle wat niks het nie: jy is skuldig vir jou eie moord omdat jy 'n huis, 'n kar, kos en geld het en hulle nie!

U as familie en ons as gelowiges moet vanoggend in hierdie geloofsbelydenis opstaan – ons is niemand in hierdie skepping se slag- of skuldoffer nie want ons is ingesluit in die dood van die Here wat vir al ons sondes die enigste slag en skuldoffer was.

Ons is en kan net God se drankoffers wees – ons vier die lewe in ons eenheid met Christus in die wete, vir ons is ons lewe hier op aarde Christus en ons dood, maak nie saak hoe ons doodgemaak word nie, net wins.

God het Louis en Ina deur Christus se dood sy drankoffer gemaak waarin hulle hul lewe as die ewige lewe in die liefde van God vier, ook vandag!

8. Dit is tog mos net wie die Here hulle gemaak het!

Heilig en regverdig in God s liefde, diensbaar in alles met liggaam, siel en gees aan God! Dit is waarvoor elkeen hulle sal dankbaar wees en bly! Diensbaar in nederigheid, liefde met toewyding, volharding deur swaarkry, hoop deur verliese en rou, vreugde in hul lewe met de Here!

En so sal hulle vir God vir ewig behoue bly, want hul lewe met Christus is onverganklik!

En so sal hulle ook vir ons behoue bly!

Ons is juis vandag in rou en bevange in alles wat hulle vir en saam met ons as oupa en ouma, broer en suster, pa en ma, vriend en vriendin was. Maar dit is tydelike verlies! Hulle moord het hulle liefde en samesyn vir ons afwesig gemaak, maar dit kan nie vir ons verlore wees nie! Want ons gaan saam met hulle, net soos die Here as mens lewend uit die graf uit opgestaan het om weer vandag mens van vleis en bloed te wees, ook uit die dood uit opstaan en saam met mekaar leef.

Daarom treur ons vandag as mense met hoop op ons lewe met Christus en nie soos mense sonder hoop nie.

9. Wie is verslaan en wie is oorwin?

Moet ons vandag van Louis en Ina afskeid neem as mense wie verslaan en oorwin is deur hulle moordenaars? Mense wat deur die bek van die leeu verskeur is en wat vasgevang is in die boosheid van hul moordenaars?

Dit is wat die moordenaars vir ons wys met wat hulle met hul liggame gedoen het! Verskeur deur die leeus en vermink deur die mag van boosheid!

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde

Of kan ons vandag afskeid neem van Louis en Ina met die sekerheid van Paulus – die Here het hulle uit die bek van die leeu gered en van hierdie en elke bese daad gered!

Wie is die oorwinnaars, hulle vir wie slawe oorwinningskrans oor hulle koppe hou om vir hul geweld en moord geëer te word, of die oorwinningskrans wat die Here Jesus Christus aan jou gee en oor jou hou!

Louis en Ina het hul hele lewe onder die oorwinningskrans van die Here Jesus Christus geleef! Hulle was hul hele lewe geregtig vir God deur Jesus as slaglam en skuldoffer.

En met hul opstanding uit die dood sal die Here Jesus Christus self, hierdie krans om vir God se liefde reg en heilig te wees, vir ewig oor hulle hou!

10 So? Wie is verslaan en wie is oorwin in hierdie brutale gewetenlose en redelose moord van Louis en Ina?

Weet u wanneer sou hulle verslaan en oorwin, en ons saam met hulle verslaan en oorwin gewin het, wanneer jy tydens 'n plaasaanval waarin jy nes Paulus jou eie dood in die gesig staar, jouself aan die mag van jou aanvallers en moordenaars moes oorgee.

Wanneer jy jou gees in die dood aan hulle as 'n slag en skuldoffer moes oorgee!

Ons sal nooit die ang, vrees, woede en verbetenheid van Louis en Ina in hul laaste oomblikke ken of met hulle kan deel nie, maar ons sal altyd weet aan wie hulle hulself in die dood oorgegee het.

Aan Jesus Christus! As drankoffer aan God! 'n drankoffer waarin hulle ook hulle liggame aan god nie as dooie offers vir skuld en mag gee, maar as lewende offers in diens aan god, in lewe en sterwe.

Wanneer ons elkeen ook ons moontlike dood deur die moordenaars, die gieriges, die magtiges en die boses van hierdie land aanvaar as ons drankoffer aan God met wie ons vir ewig leef, sal ons met die sekerheid leef – ons is uit die bek van die leeu en die bese daad van goddeloses in hierdie wêreld gered!

Paulus verseker Timoteus van hoe hy vir God in sy dood God se drankoffer, nie magtiges en geestelikes se slag- of skuldoffer gaan wees, sodat Timoteus sy eie lewe op aarde kan voortsit as drankoffer aan God.

Kom ons glo in wat God Louis en Ina se dood vir Hom laat wees en kom ons leef in hierdie goddelose en wettelose land – as die Here se drankoffers: kom ons vir ons ewige lewe met God! Louis en Ina is as drankoffer aan God uitgegiet!

Laat Paulus se belydenis ons eie belydenis word vir elke plaasaanval en plaasmoord in hierdie wettelose land: “Ons is God se drankoffer, nie julle slag- of skuldoffer nie”. Laat die woorde van Christus waarmee Hy gesterf het, die woorde word waarmee ons ons in plaasmoorde sterf: “Vader, in U hande gee ek my gees oor!”, nooit in die hande van ons moordenaars nie.

God laat ons leef, sterf en opstaan uit die dood in sy liefde